**Les 02 Koningskinders: Die Koning van die wêreld maak ander seer, maar vir ons kry Hy seer.**

## Les 2 KONINGSKINDERS: DIE KONING VAN DIE WÊRELD MAAK ANDER SEER, MAAR VIR ONS KRY HY SEER

### 1. Die Here oorwin én word geslag

Kom ons lees weer die twee verse van verlede keer uit die Bybel: *"[5] Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die afstammeling van Dawid het die oorwinning behaal…. [6] Toe het ek voor die troon… 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was."* (Openbaring 5)

Die Here se Woord wys ons dat daar twee soorte seerkry is:

Die Here is die Leeu.

Wat wys vers 5 vir ons, wat doen die Leeu? Die Bybel wys ons dat die Here die Leeu is wat oorwin. Oorwin is wanneer jy jou vyande wen. Die Here se vyande is die mense wat nie in Sy liefde wil glo nie en nooit die Here wil gehoorsaam nie. Omdat die Here die Leeu is, oorwin Hy altyd al Sy vyande. Oorwin beteken dat die Here sorg dat mense vir Hom luister, al wil hulle nie.

Die Here is ook die Lam.

Wat wys vers 6 vir ons? Wat gebeur met die Lam? Hy word geslag! Dit is wat die Here vir Sy kinders doen. Die Here oorwin nooit Sy kinders nie. Want Sy kinders is nie Sy vyande nie. Sy kinders glo in Sy liefde en glo hulle mag aan die Here gehoorsaam wees.

Kyk weer na die verskil! Wat is die Here vir Sy vyande? Vir hulle is Hy die Leeu uit die stam van Juda. Wat doen die Here met Sy vyande? Hy oorwin hulle.

Wat is die Here vir Sy kinders? Hy is vir hulle die Lam. Wat doen Hy vir Sy kinders? Hy word vir hulle geslag!

### 2. Daar is twee maniere van seerkry: Leeu-seer en Lam-seer

Die Here is die Leeu en die Lam. Daarom is daar twee maniere van seerkry: Leeu-seer en Lam-seer.

Wie kry seer as die Here die Leeu is? As daardie groot maanhaarleeu in die wildtuin so brul, wie gaan seerkry? Is dit al die ander diere wat gaan seerkry, of is dit die leeu se welpies wat gaan seerkry? Dit is al die ander diere! Nooit die welpies nie!

Dit werk só! Al die ander diere moet in troppe en groepe rondloop. Hulle mag nie op hulle eie rondloop nie. Wat gebeur as hulle ongehoorsaam is en nie na die

reëls van die trop luister nie? Dan vang die Leeu hulle! Hulle word gevang omdat hulle nie gehoorsaam was nie.

Die Leeu maak die diere seer wat ongehoorsaam is en nie luister nie.

Maar, wie kry seer as die Here die Lam is?

Kyk nou weer na wat die Bybel leer in vers 6: *"6 Toe het ek voor die troon ... 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was."* As die Here die Lam is, is Hy die een wat geslag word! As die Here die Lam is, dan is Hý die een wat seerkry.

Dit is hoe dit werk vir die welpies van die Leeu. Hy is die Leeu wat ander seermaak wat nie luister nie, maar wat vír sy kinders seerkry as húlle nie luister nie.

Kan julle die verskil sien? Die Here is die Leeu wat mense wat nie Sy kinders is nie, seermaak as hulle ongehoorsaam is. Hy is die Leeu. Dit is leeu-seer. Maar die Here is ook die Lam wat sélf seerkry as Sy kinders ongehoorsaam is. Dit is lam-seer.

Dit verskil klink só: seermáák en seerkrý. Leeu-seer is die Here wat seermáák en Lam-seer is die Here wat seerkrý.

Leeu-seer werk so! Wat gebeur met mense wat nie kinders van die Here is nie, as hulle ongehoorsaam is? Die Leeu maak hulle seer. Die Here maak hulle seer en oorwin hulle.

Lam-seer werk só! Wat gebeur met die Here se kinders, sy welpies, as hulle ongehoorsaam is? Dan máák Hy hulle nie seer nie. Dan kry Hý vir húlle seer!

**3. Hoe werk dít? Hoe kan die Here vír ons seerkry?**

Kom ons kyk eers weer hoe werk dit met die Leeu en sy welpies. 'n Leeu praat altyd net so steun-steun met sy welpies. Dit is ook hoe Hy vir hulle wys wat hulle moet doen. Dit is hoe hy vir hulle wys hoe hulle gehoorsaam moet wees.

Welpies is nie altyd gehoorsaam nie. Hulle is ook baiekeer ongehoorsaam. En dit is baie gevaarlik! Wat kan gebeur as 'n welpie dink hy is groot nes die Leeu, en sommer so in die veld inloop en maak asof almal ook net so bang vir hom moet wees soos wat hulle vir die Leeu is?

Die bokke spot en terg hom – maar daar is ook diere soos hiënas! Hulle loop altyd so in groepe rond en lag-lag en skree-skree naby leeus, en aas die kos wat leeus vang. Hulle is lafaards en sal nooit een-een soos die Leeu rondloop nie.

En hulle wil altyd klein leeutjies vang en doodbyt. Hoekom dink julle wil hulle dit doen? Dink julle klein leeutjies smaak lekker? Nee, hiënas wil nie die klein leeutjies eet nie. Hulle maak hulle dood om die Leeu seer te maak en te wys hulle is baas.

Mense is ook só! Daar is mense wat die Here se kinders wil seermaak om te wys hulle is groter, sterker en beter as die Here. Hulle dink dat as hulle die Here se kinders kan seermaak, dan is hulle die Here se baas.

Wat maak die Leeu as een van sy kleintjies ongehoorsaam is en gaan rondloop in die veld en 'n hiëna wil hom vang?

Die Leeu storm en brul en hy hardloop tussen die hele trop hiënas in en red sy welpie. En wat gebeur met die Leeu? Hy kry baie seer van al die hiëna-byte en hiëna-happe!

Dink julle dit werk ooit so dat as 'n welpie ongehoorsaam in die veld inloop, die Leeu sal brul en storm en die welpie gaan byt omdat hy ongehoorsaam is?

Nooit! Hy maak nie sy welpies seer nie, hy red hulle. Hy kry vír hulle seer om hulle te red – as húlle ongehoorsaam is.

Wat doen die Here vir Sy kinders as hulle as koningskinders ongehoorsaam is? Máák Hy hulle seer of kry Hy vír hulle seer?

Die Here is en bly altyd vir Sy kinders die Lam. En as hulle ongehoorsaam is, dan is Hy vir hulle die Lam wat vir hulle geslag word, en vir hulle geslag ís. Die Here kry vír ons seer om ons te beskerm en te red as ons ongehoorsaam is. Die Here maak ons nooit seer as ons ongehoorsaam is nie.

Hy byt en verskeur hiënas, nooit sy welpies nie.

Dit is hoe die Here vír ons seerkry. As ons ongehoorsaam is, dan kry Hy seer om ons te red van al die gevare wat ons ongehoorsaamheid veroorsaak het. Hy is altyd die Lam wat vir ons geslag is. Hy is altyd die Here wat vír ons seergekry het, vir élke keer wat ons ongehoorsaam is.

## 4. Ons is koningskinders: die koning van die wêreld máák ander seer, maar vir ons krý Hy seer

Ons is koningskinders. Ons dra die teken wat wys ons is koningskinders. Watter teken wys ons is koningskinders? Dit is ons doop! Dit is die teken waarmee die Here wys ons is koningskinders! Dit is ons doop!

Ons moet weet daar is twee maniere van seerkry: Leeu-seer en Lam-seer. Leeu-seer werk só! Die Here is die Leeu. Hy maak mense seer en oorwin hulle. Watter mense? Die wat nie Sy kinders is nie en nie Sy kinders wil wees nie.

Lam-seer werk só! Die Here is ook die Lam. Vir Sy kinders is Hy die Lam wat geslag is. Hy maak nie Sy kinders seer as hulle ongehoorsaam is nie. Hy krý seer en vát seer om te keer dat húlle seerkry. Hy red ons en beskerm ons as ons ongehoorsaam is. Hy maak ons nooit seer as ons ongehoorsaam is nie. Die Here kan nooit vir ons die Leeu word nie. Hy is altyd die Lam wat vir ons geslag is.

**5. Nooit bang vir die Here nie, al is ons ook ongehoorsaam**

Hoekom kry die Here vír ons seer as ons ongehoorsaam is, maar vir ander máák Hy seer?

Hoe gaan jy voel as jy weet die Here gaan vir jou seermaak as jy ongehoorsaam is? Hy gaan vir jou ’n brullende Leeu word? Dit gaan jou bang maak! Hoe gaan jy voel as jy weet: die Here gaan vir my seerkry as ek ongehoorsaam is? Dit maak jou bang. Bang vir God!

Maak dit jou bang as die Here vir jou die Lam is wat geslag is – en jy word nooit geslag nie? Maak dit jou bang as jy weet die Leeu gaan jou altyd red en beskerm as jy ongehoorsaam is?

Nee – dit maak dat ek Hom altyd kan liefhê.

Dit is die groot geheim van twee maniere van seerkry. Die Here maak ons nooit seer as ons ongehoorsaam is nie – Hy vát ons seerkry – Sodat ons die Here altyd kan liefhê en nooit vir die Here bang hoef te wees nie.

**6. Welpie-lewe: altyd lief vir God, nooit bang vir God nie**

Wat gaan die Here doen as jy ongehoorsaam is? Gaan Hy jou red en beskerm, of gaan Hy jou aanval en oorwin?

Koningskinders word nooit bang vir God as hulle stout en ongehoorsaam was nie. Hulle weet – Hy vát ons seerkry. Hy máák ons nooit seer nie.

Ons is altyd lief vir God en trots om Sy kinders te wees – al is ons ook baie kere ongehoorsaam. Want Hy bly altyd die Een wat vír ons seerkry, Hy word nooit die Een wat ons seermaak en aanval nie.

Ons is die Leeu se welpies. Die Leeu is vir ons die Lam wat geslag is: ons is koningskinders! Hy kry vír ons seer. Hy maak ons nie seer nie.

**7. Opdrag**

**Les 02 Koningskinders: Die Koning van die wêreld maak ander seer, maar vir ons kry Hy seer.**

Gaan gesels met Pa, Ma, Oupa of Ouma, of enige grootmens met wie jy kan gesels, en vertel vir hulle die storie van die Leeu en die hiëna en wat die Leeu doen as sy welpies ongehoorsaam is.

Onthou die groot verskil: Die Here máák ander seer, maar Hy krý seer vir Sy welpies!

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog